

Saterdag 7 Januarie

Skrifgedeelte: Esegïel 36:16-33

Fokusgedeelte: Esegïel 36:27, 32

'n Hart wat weer kan skaamkry

Daar was al 'n dag in jou lewe wat jy nooit sal vergeet nie, omdat jy bloedrooi van skaamte geword het. Jou eie sonde het jou skaam gemaak. Vandag is mense dikwels nie meer skaam oor hoe hulle lewe nie, want almal rondom hulle doen mos ook maar dieselfde dinge. Vir God sit daar iets moois in skaamwees, want skaamwees is 'n belydenis dat ons iets gedoen het wat sy Gees diep bedroef. Skaamwees oor iets wat ons gedoen het, is 'n erkenning dat ons eintlik God se liefde nie werd is nie, maar dat ons dit ondanks ons sonde nogtans ontvang het. Israel was nie meer skaam oor wat hulle in hulle handel en wandel gedoen het nie. Hulle het deur hulle afgodediens die land onrein gemaak. God wou nie langer as die Heilige God onder sy volk teenwoordig wees nie. Hy laat hulle in ballingskap wegvoer. Israel se sonde het beteken dat hulle die skuld gedra het dat God se Naam onder die volke onheilich is. God sou self sorg vir die heiliging van sy Naam – nie ter wille van Israel nie, maar ter wille van sy Heilige Naam sal Hy hulle uit al die nasies gaan haal en na hulle eie land terugbring. God beloof nog meer: Ter wille van sy Naam sou hy Israel skoonwas van hulle sonde en aan hulle 'n nuwe hart gee wat gewillig en bereid is om volgens sy wil te lewe. God wou met die vervulling van sy beloftes Israel laat skaamkry as hulle terugkyk oor die onheiliging van sy Naam.

Met Pinkster het hierdie beloftes van God werklikheid geword toe Hy sy Gees op al die gelowiges in Jerusalem uitgestort het. Van daardie wonderlike dag af sou God met sy Gees in elkeen van ons kom woon. Die wonder van die Gees se werk in ons is dat Hy ons 'n hart gee wat kan skaamkry. Die vergifnis van sonde in Jesus Christus maak dat ek skaam voor God staan, omdat ook my sonde sy Heilige Naam baie oneer aandoen. Dan verstaan ons waarom God dit dwarsdeur Jeremia se profesie so duidelik laat hoor: Ek doen dit nie om julle ontwil nie, maar ter wille van my Heilige Naam. 'n Skaam hart wil God se Naam weer heilig en groot maak in die oë van ander mense.

Sing: Psalm 40:4

Ds. DJ (Daan) Bakker (Boksburg)